

Sondag:

Jan reken sy tank en radiator is nou genoegsaam herstel om te ry en al druppende (water) is ons daar weg as n groep vir n lowlands easy ride. Jan se energie vang ons onkant en niemand kan eers by hom bybly nie. Hy navigeer ook goed. Daar was n hele paar intersante bulte soos Forest Saddle, Music Box (behoede my hoogtevrees) en die groot klip. Die chest protector wat ek by Diete geleen het het my skouer al deurgeskaaf, die brand salf wat Martin aan my knee braces gesmeer het (hy sweer hoog en laag dit was nie hy nie) brand die hell uit my knee, my energie is laag, my gewrig brand en ek kon nie gou genoeg nie einde van die dag sien nie. Maar dit was n awesome roete.



Jan het nou vir 2 dae gerus en is katjie van die baan!

Die res van ons moeie lywe probeer bybly.


Music Box af. Doer heel regs onder wag Martin en Jan al.



Derick en Garth by 'n lafenissie

Ons moet bietjie Jericho rock gaan oefen. Ek persoonlik sal te bang wees om van my bike af te klim daar. Baie styler as wat dit lyk

Wie kan tekens van die duif sien wat in Jay Cee's in Roma se venster vasgevlieg het.



Sondag middag in Roma, Martin en Garth het hulle gaan simple sukkel om foxhole te probeer opry. Hulle bitch nou nog oor daai simple idee.

Ag tjopper, dit lyk regtig nou nie SOO moeilik nie!

Hierdie twee heroes is die verspoelde foxhole op!

Maandag:


Martin, Garth en ek is net na ontbyt op die bikes en skiet koers na die onderkant van bushmans, Ons het nie n roete vir omtrent 5km nie en moet boendoe bash. Garth kletter neer reg voor die vensters van n hele skool. Ek nie eers die kinders gesien totdat 100+ kindertjies gillend vir hom skaterlag nie. Die juffrouens kon nie keer nie want hulle klasse is nou heeltemal ontwig en ons maak ons uit die voete toe die gillende kindertjies by die klaskamerdeure uitborrel. Eventually is ons op Bushmans pass. Ek voel goed en stoot hard agter Martin en Garth totdat ek n beter lyn kry en trek so kort gap op hulle. Eventually val ek weer vas met n verkeerde besluit en beide kom verby. Ek ry hard op my clutch maar maak geen foute nie. Ek maak die stepups/moelike plekke eerste keer en pass Martin weer reg voor die einde. Garth is eerste bo en neem fotos van my en Martin op my hake. Bushmans is definitief die moeilikste pas maar gelukkig nie baie lank nie. Dankie tog ek kan pivot turn teen 'n helling met los klippe met 'n so te se afgrond agter my!



Dis mos waarvoor pelle daar is!

Rash is nie vir sussies nie. Ons almal was deurgeskaaf...4 dae op die bikes.

Niemand het eers in die berge geslaap nie en almal was elke aand 19:00 betyds vi rete.



Maandag se "lowlands" pad na die onderkant van bushmans.

Daai kragpaal bo op die berg is die bopunt van bushmans. Waarin het ons onself in begewe.

Die drie laaste mohicans!

Wat het ek en die groep uit die naweek gevat en wat het verkeerd gegaan waarop ons kan verbeter.

- 1) Marcel en Diete het aan bomskok gely na die eerste dag, maar kon nie ophou babble nie...hulle het dit geniet.
- 2) Jan kan teen almal se verwagting goed navigeer, ek dink almal het baie geleer met navigasie. Ek kon Vrydagmiddag met elke halfuur sien hoe Marcel verbeter.
- 3) Ek moet nie weer my recovery fuel (hydration) vergeet nie
- 4) Ek moet groter sprocket agter opsit vir sulke rides

4b) As almal petrol saamvat dan is dit dalk nie 'n slegte idee om di took te doen nie, al ry jy 'n 4stroke (Diete, Marcel?)

5) Mense moes Saterdag by hulle riding buddies bly, Diete se situasie was per ongeluk maar dit moes nie gebeur het nie.

Diete het by ons beland (Ek en Garth was riding buddies, en Martin en Marcel was riding buddies). Die gevolg: Martin het by Diete opgeëindig aan einde van dag en agv stadig ry het hulle beide sonder petrol geraak. Marcel moes ook by Martin gebly het?

6) Peter en Paul moenie vergeet om reelings wat hulle met die backup (Jan) maak na te kom nie, of te laat weet ten minste nie. Julle het vergeet om Jan te laat weet julle is ok so hy het by Maseleng vir julle gewag ipv Village3 toe te ry om vir ons petrol te bring soos ons die oggend vlugtig ooreengekom het. Ek, Marcel en Garth het dit gemaak maar Martin en Diete nie.

En...die afsnypunt bo op Mankulube was 14:00, dit was nooit 13:00 nie. Ek het actually gedink 14:30 en selfs 15:00 sou ok wees as jy Welcome Escape vat maar Garth het gereken 14:00, on hindsight was hy seker reg. Maar ek is nie seker hoe boodskap van 13:00 by party mense uitgekóm het nie.

7) Die klippe in Lesotho is GLAD as hulle nat is

8) Ons almal moet BAIE fikser raak

9) Offroad ry in Lesotho is LEKKER.

10) Ek het agtergekóm bitter min van die ouens het my vooraf reelings gelees en bestudeer. Dit was actually inligting sodat jou en jou riding buddy se dag vlot verloop.

11) Het almal tools by hulle gedra om bv n bike te undrown (soos n sparkplugspanner op n 4stroke)?

12) Op hierdie training weekends het ons nie backup nie en jy moet vir jouse selfs sorg so ver jy kan.

Martin en Diete het bv. Ipv op teepad 5km garage toe te hike eerder vir 2ure tot in donker eerder vir backup gewag.

13) Ek is die pruim wat almal se ek is... al het mense uit hulle plek gery, die backup instruksies gegee sodat hulle nie kon doen waar hulle rerig nodig was nie (ek goeie idee gehad iemand gaan uit petrol na welcome wees), en mense binne 5km vanaf petrol op n teepad is en nie gou kan hike om hulle self uit te kry nie. Ek en Garth was basies die enigste 2 van 9 mense wat saam ons riding buddy klaargemaak het.....goed goed daar was omstandighede :)

15) Ek is die idiot wat kit by huis vergeet het. Thanx vir breastplate Diete!

16) 'n GASGAS is baie sterker as 'n Yamaha. As 'n Gasgas flip, breek sy ligskakelaar. As 'n Yamaha flip, breek sy radiator en sy tank bars oop ☺

17) Die volgende is noodsaaklik vir Lesotho riding

a) Moose (of tubeless)

b) Radiator braces

c) Shark fin agter en shark fin (of hyde) voor

d) Fan (word sterk aanbeveel)

e) Tools om jou bike reg te maak en te undrown

f) bash plate en exhaust protection (2strokes)

g) lig op bike werkende toestand as hy een het.

Die naweek was n groot sukses en ek dink almal het dit terdee geniet. Dankie Jan vir jou backup oor die naweek, dit het nogal handig te pas gekom.

Die ouens wat nog nie in Lesotho gery het nie se oe het oopgegaan maar niemand is sonder n smile daar weg nie.

Die akkomodasie was eersteklas en so ook die kos. Ons het ook ons Roof kamp spot op die terrein vasgemaak met Jenny.

Groete
Stefan